# CALEDON IN ONS KULTUURGESKIEDENIS.

(Feesrede, Anderhalf-Eeufees, Caledon, 6 September 1961.)

Deur Prof. H. B. Thom.

Geagte Mnr. die Voorsitter,
Geagte Mede-Feesgangers,

Ons is hier bymekaar om die Anderhalf-Eeufees van Caledon te vier. Vir ons almal is dit 'n voorreg om vandag hier te wees. Dit is 'n voorreg vir diegene wat hier in Caledon woon, en dit is 'n voorreg vir diegene wat vroeër hier gewoon het en vandag weer op besoek hierheen gekom het. Dit is ook vir myself 'n voorreg om aanwesig te wees en aan die verrigtinge deel te neem.

Ofskoon ek nie hier opgegroei het nie, voel ek my tog op 'n besondere wyse met Caledon verbind, want dit was hier in Caledon dat die stamvader van ons familie, dr. George Thom, sy eerste gemeente in Suid-Afrika bedien het.

George Thom was 'n leraar van die Skotse Presbiteriaanse Kerk. Hy het vanuit Skotland na die ou Kaapkolonie gekom, en op versoek van die destydse Goewerneur van die Kolonie, lord Charles Somerset, in die diens van die Nederduits-Gereformeerde Kerk getree en predikant op Caledon geword. Hierdie stap was vir hom nie moeilik nie, want die Presbiteriaanse Kerk is, net soos die N.G. Kerk, 'n Calvinistiese Kerk. Sy bediening op Caledon het van 1818 tot 1825 geduur. Dit is onderbreek toe hy op versoek van die Kaapse Regering meer predikante - en ook onderwysers - in Skotland gaan haal het, maar owerigens het hy deur hierdie jare hier in Caledon gearbei. Die geestelike lewe van sowel blankes as nie-blankes het hy ten seerste op die hart gedra, en daarby het hy hom veral ook vir die onderwys van die jongmense beywer. Toe hy in 1825 na Tulbagh vertrek het, kon hy op 'n tyd van gelukkige en vrugbare arbeid in Caledon terugkyk.

~~Uit hierdie feite sal dit duidelik wees waarom die 150-jarige fees van Caledon vir my persoonlik iets van besondere betekenis is.~~

By/......

By hierdie geleentheid wil ek egter graag meer bepaald ingaan op die betekenis wat Caledon in ons kultuurgeskiedenis gehad het. Dit is 'n geskikte geleentheid om hieroor te handel, want 'n eeufees of anderhalf-eeufees kan op die lewensweg gesien word as 'n uitspanplek, waar ons die behoefte daaraan voel om stil te staan en na te dink oor die pad wat ons en ons voorgeslagte tot daartoe afgelê het en te besin oor die skof wat voorlê.

Laat ons eers kortliks op die geskiedkundige agtergrond van Caledon let. Hierdie omgewing is reeds vroeg in die Kompanjiestyd deur reisigers besoek wat vanaf die Kaap na die Ooste koers ingeslaan het. Een van die eerste plekke wat hier die aandag getrek het, was die warmbron van die Swartberg, waarheen al vroeg mense gekom het om verligting van 'n verskeidenheid van liggaamlike kwellinge te soek. Daar is byvoorbeeld geglo dat die bron veral vir rumatieklyers verligting, en selfs volkome genesing, bring.

In 1710 is die eerste grond hier uitgegee: 12 morge aan 'n kolonis, Ferdinand Appel, wat daar 'n huis sou bou en 'n tuin sou aanlê vir die gerief van die mense wat die warmbron besoek. Dit was die begin van blanke neersetting in Caledon. Dit was maar 'n baie klein begin, en die ontwikkeling sou aanvanklik ook maar langsaam wees. Stadigaan het meer en meer boere egter ingetrek en het die blanke bevolking geleidelik toegeneem. Nietemin sou dit nog baie lank duur voordat 'n gemeente en dorp sou ontstaan.

Die gebied waar die Koloniste hulle anderkant die Drakensteinberge gevestig het, het weldra as die <u>Overberg</u> bekend geword. Dit is vanselfsprekend 'n baie geskikte, tékenende naam: die gebied <u>oor</u> - of <u>anderkant</u> - die berg. Caledon het deel van die Overberg geword, en sy lotgevalle is van die begin af ten nouste met dié van die Overberg verbonde.

In/........

In April 1811, d.w.s. omtrent 'n honderd jaar ná die grondtoekenning aan Ferdinand Appel, is 'n onderlanddros van Swellendam hier geplaas. In dieselfde jaar is 'n gemeente van die N.G. Kerk gestig, en in 1813 is die dorpie, wat aldus ontstaan het, Caledon genoem, ~~na~~ ter ere van graaf Caledon wat van 1807 tot 1811 Goewerneur van die Kaapkolonie was.

Hiermee was die blankes en blanke beskawing nou in Caledon gevestig. Al was die begin maar klein en nietig, dit was nietemin 'n gesonde begin, en wat daar begin is, was lewensvatbaar en het langsaam maar seker gegroei. Teen 1840 was Caledon reeds 'n dorp van betekenis, sodat hy in September van hierdie jaar sy eie munisipaliteit gekry het, 'n merkwaardige feit as 'n mens in gedagte hou dat verskeie groot Kaaplandse dorpe, soos Swellendam, Worcester, Malmesbury en selfs die Paarl, toe nog nie hulle eie munisipaliteite gehad het nie. Met die vooruitgang van die dorp het ook die vooruitgang van die omgewing tred gehou: die boerdery het gesond ontwikkel, en veral die graanboerdery het aan die distrik van Caledon bekendheid gegee.

Hiermee het ons nou enkele hooftrekke van die historiese agtergrond geskets. Teen hierdie agtergrond moet ons die vraag probeer beantwoord: Wat was, in die 150 jaar van sy bestaan, die betekenis van Caledon in ons kultuurgeskiedenis?

As ons van kultuurgeskiedenis praat, dink ons nie aan die geskiedenis van materiële dinge nie. Ons dink nie soseer aan die dinge wat 'n mens met die oog sien nie en met die hand tas nie; ons dink nie aan die ekonomiese ontwikkeling nie, aan die versameling van rykdomme, aan die vergroting van bronne van materiële welvaart nie - hoe belangrik hierdie dinge ookal mag wees. Hierdie dinge lê op die gebied van die ekonomiese geskiedenis, die geskiedenis wat hom besighou met die materiële dinge, met die materiële voor- of agter-

uitgang/.......

uitgang en alles wat daarmee saamhang. In verband met die ekonomiese geskiedenis het Caledon wel ook belangrike bydraes gelewer - en ons wil dit geensins geringskat nie - maar ons handel nie nou daaroor nie. Onder kultuurgeskiedenis dink ons aan geestelike waardes, die dinge van die gees, dié dinge wat, dikwels selfs nadat die materiële dinge al lankal verdwyn het, nog steeds bestaan en hulle betekenis behou.

Die vraag is: Watter plek neem Caledon in verband met hierdie dinge van die gees in? Het hy van betekenis geword? Of het hy eenvoudig afsydig gestaan?

In die verlede van hierdie gemeenskap sien ons sekere faktore aan die werk, wat hulle stempel op onmiskenbare wyse nagelaat het.

Ons let eerstens daarop dat Caledon afgeleë en verwyderd lê van die „hoofplaas", soos die ou moeder-nedersetting aan Tafelbaai in die dae van die Kompanjie bekend was. Sewentig myl is vandag wel nie 'n baie groot afstand nie, maar in die ou dae, met die lompe, langsame verkeer, was dit 'n baie groot afstand. En as 'n mens daaraan dink dat 'n gevaarlike, moeilike bergreeks oorkruis moes word om van die Kaap na die Overberg te kom, kan 'n mens goed verstaan dat Caledon taamlik afgeslote van die hoofplaas was.

Dit het beteken dat die invloede van die hoofplaas nie so maklik tot die Overberg, en tot Caledon, deurgedring het nie. Aan die Kaap, soos 'n mens aan Tafelbaai en by die setel van die plaaslike gesagvoerders van die kommersiëelgesinde owerheid van die Kompanjie kon verwag, het daar 'n sterk handelsgees geheers. Dit was waar nie net van die landsregering nie; dit was ewe waar van die plaaslike burgerry self. Ongeveer 1805 skryf 'n besoeker aan die Kaap byvoorbeeld soos volg oor die hoofplaas: „Alles is daar handelaar, en wel handelaar in alles; - er heerscht geene andere industrie. Zelfs een ambachtsman, zoodra hij het zoo

ver/......

ver kan brengen dat hy een slaaf kan koopen en aanleeren, - dan neemt deze zyn winkel of ambacht waar; hy koopt terstond negotiegoederen, hÿ hangt terstond zyne vensters vol monsters van negotiegoederen, en weldra ziet men hem of zyne vrouw, of een knecht, welke hÿ daartoe eksprés aanhuurt, achter de toonbank staan".

Hierdie gees het nie in die buitegebiede geheers nie. Hier was die mense nie heeldag met allerhande handelsbedrywighede besig nie; hier het die mense nie heeldag aan geldmaak gedink nie. Die kosmopolitiese atmosfeer en die handdelsgees van Tafelbaai was nie bevorderlik vir die groei en vooruitgang van 'n Afrikanerpatriotisme en plaaslike nasionalisme nie; inteendeel, Tafelbaai het steeds met die buitewêreld in voeling gebly, en het getrou op die spoor van die ou Europese moederlande, eers Holland en daarna Engeland, probeer volg. Maar in die buitegebiede - en by name in Caledon - waar die mense elke dag met die arbeid van hulle hande uit Afrikaanse bodem hulle bestaan moes vind, was die toestand anders. Hier was die mense hulle weldra nie meer so sterk van die ou moederlande bewus nie, en hier het Afrikaner-nasieskap veel meer ongedwonge en sterker ontwikkel. Dit was dus by uitstek in die afgeleë, verwyderde buitegebiede dat die proses van volksvorming hom voltrek het.

Ons let tweedens daarop dat Caledon nooit, in die werklike sin van die woord, 'n grensgebied of grensdistrik was nie. Dit lê, van die Kaap af, op die pad na die Ooste, maar dit was nooit 'n voorpos van die Oosgrens nie. Die gebeurtenisse van die Oosgrens, wat so kenmerkend van bv. Graaff-Reinet en Uitenhage was, vind ons nie in Caledon nie. Graaff-Reinet en Uitenhage was verskeie kere die terrein van bloedige botsings tussen blank en nie-blank. Boere van hierdie distrikte ~~was~~ moes dikwels voor die aanslae van duisende Bantoe wegvlug; hulle het dikwels ál hulle vee verloor; hulle moes van hulle dierbares agterlaat; hulle het hulle huise en hulle velde in vuur en rook sien

opgaan/.....

opgaan. En as die vuur uitgebrand het en die rook weggetrek was, moes hulle weer van vooraf op die swart-gebrande aarde 'n begin maak.

Hierdie gebeurtenisse kry ons nie in Caledon nie. Die vroeë boere van hierdie gebied het wel ook hulle probleme gehad: hulle het ook diefstalle deur die Hottentotte geken, en hulle het ook soms in lewensgevaar verkeer, maar dit het glad nie op die skaal voorgekom soos in Graaff-Reinet en Uitenhage nie. In Caledon het die boere met betreklike klein, vrywel ongeorganiseerde Hottentotstamme te doen gekry, en nie met 'n groot Bantoevolk nie, wat bowendien redelik goed georganiseer was.

Caledon was eerder 'n skakel in die uitbreiding. Die vroeë boerebaanbrekers wat hierdie gebied ingedring het, het nie hier tot stilstand gekom nie maar stadigaan verder en verder deurgedring na die ooste toe. Dit is ook verstaanbaar, want hier was nie onoorkomelike struikelblokke wat die voortgang onverbiddelik gestuit het, soos groot riviere of berge of magtige inboorlinge nie. Caledon, en die hele Overberg, het die skakelgebied uitgemaak tussen die gevestigde dele by die Kaap en die meer afgeleë Oosgrens. Dat dit die geval was, sien ons duidelik teen die jare 1811 - 1813, toe die dorp Caledon ontstaan het: die voorste baanbrekerboere het toe reeds sowat dertig jaar aan die Visrivier gestaan, en op die grond van die Oosgrens het reeds vier keer in inboorling-oorloë bloed gevloei.

Hierdie feit, nl. dat Caledon nie grensdistrik was nie, en nie die avonture en teisteringe van die grens geken het nie, sou nie sonder invloed op die karakter van sy mense bly nie, soos ons weldra nader sal sien.

Ons let derdens daarop dat Caledon vrywel dwarsdeur sy geskiedenis deur 'n geleidelike en kalme ontwikkeling gekenmerk is. Anders as in sommige ander distrikte, kry ons

in/.........

in Caledon nie in die eerste instansie met die dramatiese in ons geskiedenis te doen nie. Ons kry nie die ontwikkeling van uiterstes nie. Groot landskrisisse, soos oorloë en droogtes, wat in ander distrikte die lotgevalle van mens en distrik diep en radikaal getref het, het nie in dieselfde mate hulle uitwerking op Caledon gehad nie.

In Caledon is die ontwikkeling eerder geleidelik, harmonies en positief. Miskien is dit ten dele daaraan toe te skryf dat Caledon nie grensdistrik was nie. Dit bly in elk geval 'n feit dat die inwoners van Caledon ander soort mense, rustiger mense, was. Die ontwikkeling en geestelike groei in Caledon was volgehoue en deurdrae. Van dag tot dag gaan dit voort: in die boesem van die huisgesin en op die velde daarbuite; in die waardige stilte van die kerkgebou en in die strate en die sakegeboue van die dorp.

In sommige dorpe en distrikte van ons land kan ondernemingsgees en geestelike groei, figuurlik gesproke, met 'n donderstorm vergelyk word: die donderstorm kom van tyd tot tyd voor; dit is dramaties, en die water stort op die aarde neer, maar dit loop vinnig weg en die grond is gou weer droog. So was dit nie met geestelike en kulturele vooruitgang in Caledon nie. Hier het ons eerder met die sagte, deurdringende reën te doen: dit val lig en sag, maar dit hou aan, dit dring deur na die wortel en dit bring wasdom, veel dieper en langer as die siedende spoelwaters van die donderstorm.

Ons let vierdens daarop dat die mense van Caledon baie geheg aan hulle grond geraak het. Dit is 'n opmerklike feit dat - soos ons reeds gesien het - die eerste grond wat by Caledon in eiendom uitgegee is, t.w. die 12 morge aan Ferdinand Appel in 1710, vir <u>akkerboudoeleindes</u> uitgegee is. Dit was 'n voorteken van wat later sou volg.

In/..........

In Caledon was daar natuurlik ook ekstensiewe veeboerdery. Die boere het ook vee aangehou en hulle troppe oor ruim weivelde laat wei, maar die akkerbou is van die begin af beoefen, en het met verloop van jare baie toegeneem. Meer en meer maagdelike grond is omgeploeg en in graanlande omskep. Die intensiewe bewerking van die grond het soseer toegeneem dat Caledon weldra 'n vername „graanskuur" van ons land genoem is. Hoe geregverdig hierdie benaming is, besef 'n mens ook terdeë wanneer jy van die ou Boland se kant af oor die Houwhoekberge kom en jou eerste uitsig oor Caledon se wêreld kry: So ver as die oog kan sien, is dit net graanlande, groen in die vroeg-somer wanneer die are vet word en buig vir die snyers, lig-bruin in die laat-somer wanneer die grond ~~weer~~ wag op die ploegskaar.

Mense wat die grond bewerk en hulle bestaan daaruit vind, raak in die reël baie geheg daaraan. Die intensiewe akkerbou~~er~~y ~~raak baie~~ bind mense vaster aan die grond as die ekstensiewe veeboerdery~~, wat maklik weer nuwe weivelde gaan soek~~. Dit is of die akkerbouer meer één word met die grond; die grond is deel van sy bestaan; die grond is nie maar lewenslose stof, buite hom om nie; dit is iets wat leef en tot hom spreek; dit is of dit deel van sy hele wese word.

Daarom sien ons in die reël dat die akkerbou gouer tot behoorlike vestiging van 'n gemeenskap lei. Die grond is vir die mense hulle bestaan en hulle trots, en vandaar dan dat die plase nie sommer maklik verkoop word nie maar baie jare lank in dieselfde families bly. Dit is hierdie verskynsels wat ons ook in Caledon vind; dit is hierdie verskynsels wat in die geskiedenis van 'n volk, en van ons eie volk, diepgaande betekenis het.

Hiermee het ons vier faktore ~~in verband~~ gestel wat in verband met die betekenis van Caledon in ons kultuurgeskiedenis van kardinale belang was: die afgeleënheid van Caledon; die feit dat Caledon nie 'n grensdistrik was nie; die kalme, ge-

leidelike vooruitgang; en die gehegtheid aan die bodem. Dit is sulke faktore wat ingewerk het op die Calvinistiese Kaapse koloniste, om hulle aard en karakter onmiskenbaar te beïnvloed.

Ons sou in besonderhede kon nagaan hoedat, onder invloed van hierdie faktore, die ingesetenes se Bybelvastheid en godsdienstige lewe versterk is, hoedat die huisgesin as sosiale eenheid en faktor gedy het, en hoedat die sedes en gewoontes bewaar is en onder lokale omstandighede 'n besondere ontwikkeling deurgegaan het. Ons sou in besonderhede kon nagaan in hoeverre die ou Europese kultuurbesittinge by hierdie mense bewaar gebly het of plaaslik gewysig is. Maar al hierdie besonderhede wil en kan ons nie nou ondersoek nie. Laat ons ons liewer by die één groot, alles-oorheersende vraag bepaal: Watter soort mense het Caledon, onder die inwerking van die genoemde faktore, aan Suid-Afrika gegee?

Die stigting van Caledon getuig vir ons nie net van die uitwendige uitbreiding van die Kolonie nie, maar ook van geestelike groei by die mense. Die intensiewe vestiging en boerdery hier kon nie plaasgevind het as daar nie onder die mense 'n gevoel van landsgehegtheid en landsliefde ontstaan het nie. Dit is omdat landsgehegtheid en vaderlandsliefde ontstaan het dat Caledon gestig en gekoloniseer is. Maar die stigting en kolonisasie van Caledon het op sy beurt weer landsgehegtheid en vaderlandsliefde laat groei en toeneem. Ons vind dus hier die merkwaardige feit dat die stigting van Caledon en die vestiging van die koloniste, tegelyk die gevolg en die oorsaak van 'n groeiende landsgehegtheid en vaderlandsliefde was.

Aangesien hierdie deel van die Overberg afgeleë en vry afgeslote was, en aangesien rustige ontwikkeling hier kon voortgaan en die koloniste liefde vir die grond ontwikkel het, kon hier mense gekweek word wat Suid-Afrika as hulle enigste vaderland erken en aanvaar het, wat rustig en

ewewigtig/......

ewewigtig [redacted] hulle werk verrig het, en wat as blywende bolwerk van die Christendom en beskawing vas in ons bodem geanker gestaan het. Hier het ons geen avontuurlike, luidrugtige vaderlandsliefde gekry nie, maar kalme, positiewe bouwerk vir ware, gesonde volksvorming.

Daar is ander dele van die wêreld - en selfs van ons eie land - waar nasionalisme soms gevaarlik hoog geloop en ook hande uitgeruk het, of gedreig het om hande uit te ruk. Daar is plekke waar, in figuurlike sin, goedkoop opslaanhuise van 'n vlietende, emosionele nasionalisme opgeskiet het, en waar selfverheerlikende [redacted] patriotte hulle vaderlandsliefde nie verder as oppervlakkige lippetaal gebring het nie. So was dit egter nooit in Caledon nie. Hier is die blywende huise van egte landsburgers gebou, wat rustig en kalm volgehou en steeds onvermoeid op eie akker gearbei het. Hier was die mense wat, met die lig wat hulle gehad het, hulle dagtaak verrig het, en wat, al was hulle hulle ook dikwels nie bewus daarvan nie, waarlik 'n nasie help bou het.

'n Gemeenskap wat hierdie gees getoon en hierdie bouwerk gedoen het, sou nie in gebreke bly om sy bydrae aan mensemateriaal aan ons land en ons volk te gee nie. Uit die Overberg, en by name hier uit Caledon, het manne en vroue gekom wat op verskeie gebiede van die lewe gepresteer het. 'n Mens sou die name van sekere persone spesiaal kon noem, maar dan sou ons teveel op die lewe en werk van enkelinge klem lê, wat miskien nie nou wenslik sal wees nie.

Ons konstateer net dat hierdie gemeenskap in die loop van sy bestaan van honderd-en-vyftig jaar, vir die diens van die Kerk en die Skool manne opgelewer het wat steeds onvermoeid in hulle strewe was om hulle lewe aan die diens van hulle medemens te wy. Ook op die gebied van die hoër onderwys kry ons hierdie bydrae: Aan die Universiteit waar ek self werksaam is, het ons ook mense uit die Overberg, wat

as/.........

as deskundiges op hulle onderskeie vakgebiede roem verwerf het en aan die vorming van jong mense vir verantwoordelike posisies in die lewe, 'n groot en beslissende aandeel gehad het. As ons ander terreine van die lewe nagaan, bv. die ekonomiese terrein en die staatkundige terrein, sal ons ook daar die name van manne vind wat uit hierdie omgewing gekom het en uitgegaan het om later op hulle terreine leiding aan te gee en groot verantwoordelikheid te dra.

Hierdie bydrae aan mensemateriaal vir die bevordering van die geestelike en stoflike welvaart van ons land, is iets wat nie in getalle of in omvang vasgestel of gemeet kan word nie, maar dit is 'n bydrae wat 'n mens terdeë besef en waarvan jy die betekenis nie maklik kan oorskat nie. Per slot van rekening is goeie mensemateriaal vir enige volk sy grootste bate. 'n Volk kan enorme rykdomme aan edelgesteentes en metale in sy bodem besit, hy kan oor geweldige getalle beskik en tot die grootste volke van die wêreld gereken word, hy kan in die mooiste en die vrugbaarste land van die wêreld woon - maar as hy nie oor die mensemateriaal beskik om van sy edelgesteentes en metale, van sy groot getalle en van sy mooi, vrugbare land die beste gebruik te maak nie, sal hy nog nie vir die wêreld en die mensheid 'n bate wees nie; inteendeel, hy kan eerder 'n las en 'n gevaar word. Dit is die goeie mensemateriaal van 'n volk wat hom help om in normale tye met sy positiewe bouwerk voort te gaan; maar dit is ook die goeie mensemateriaal van 'n volk wat hom help om in tye van ontwrigting en krisis sy ewewig te bewaar en met oortuiging en geeskrag sy stryd te stry.

Dat die Overberg - dat Caledon - vir Suid-Afrika aan mensemateriaal 'n bydrae gelewer het wat gehelp het om stoflike en geestelike welvaart te verseker, en wat geestelike krag en nasionale karakter versterk het, dit toon vir ons op treffende wyse aan watter betekenis hierdie omgewing in ons kultuurgeskiedenis gehad het. Ons sal dit almal met

mekaar eens wees, of ons Overbergers is of nie, dat Suid-Afrika en by uitstek die Afrikanervolk geestelik armer sou gewees het as ons hierdie omgewing nie gehad het nie.

Ons het die plek van Caledon in ons kultuurgeskiedenis nou kortliks uiteengesit. Hierby kan ons ons onderwerp egter nie laat nie. Ons moet ons ook, al is dit maar baie kort, na die betekenis daarvan vir die toekoms afvra.

Ons lewe in 'n tyd waarin ons met lewensbelangrike vraagstukke te kampe kry. Daar is vraagstukke wat vanuit die buiteland tot ons kom; daar is vraagstukke wat binne ons eie grense ontstaan; daar is vraagstukke wat binne ons eie grense ontstaan het maar wat deur invloede van buite vir ons steeds moeiliker en moeiliker gemaak word. Aangesien ons vandag te midde van al hierdie vraagstukke lewe, en aangesien die lotgevalle van ons volk - en inderdaad ook dié van baie ander volke - ten nouste met sulke groot vraagstukke verbonde is, is dit verstaanbaar dat ons verplig is om ernstige aandag aan hierdie vraagstukke, en veral dié wat binne ons eie grense lê, te bestee. Dit is daarom ook nie vreemd nie dat ons vandag tal van uiteenlopende menings in verband met hierdie vraagstukke kry, en dat ook 'n verskeidenheid van oplossings aangebied word.

Vir baie mense belewe ons vandag 'n krisistyd, en dit is in verskeie opsigte ook ongetwyfeld waar. Toe ek onlangs met 'n bekende historikus oor belangrike gebeurtenisse 'n gesprek verkeer het, het hy die treffende opmerking gemaak dat ons, sowel buitelands as binnelands, vandag met 'n „onhistoriese" tyd te doen het, d.w.s. 'n tyd waarin die hoofstadia van die ontwikkeling van geestelike en stoflike dinge nie meer die patroon van die verlede volg nie. Dit is of die gewone langsame geskiedkundige patroon van die verlede vernietig is, en of 'n veranderingsproses van onlogiese hale en spronge - dikwels deur gewelddadige kragte aangedryf - in die plek

daarvan/.......

daarvan gekom het.

ŉ Gewone uitvloeisel van krisisgebeure is krisisdenke, en dit het dan ook vandag in ons land nie agterweë gebly nie. Ons kry te doen met mense, soms vooraanstaande mense in verantwoordelike posisies, wat te velde trek teen ou beginsels wat reeds ŉ paar honderd jaar in ons land gehandhaaf word. Hulle meen dat hierdie beginsels nou met nuwe beskouïnge, wat dan meer in die raam van die nuwe tyd sou pas, vervang moet word. Hierdie opvatting het veral op die gebied van die rassevraagstuk prominent na vore gekom, wat ook nie vreemd is nie, aangesien die rassevraagstuk ons belangrikste en aktueelste vraagstuk geword het.

Maar ons moet waak teen krisisdenke; en veral in krisisgebeure moet ons waak teen krisisdenke. Want krisisdenke is nie rustig, besonne en wel-oorwoë nie; en met krisisdenke kan groot landsvraagstukke nou eenmaal nie opgelos word nie. In ŉ tyd van krisisgebeure het ons rus en kalmte nodig. Ons sal wel moet besef dat ons in die Republiek van Suid-Afrika van die twintigste eeu nie soos in die ou Kaapkolonie van die agtiende eeu kan leef nie. Maar terselfdertyd kan ons nie met geweld ŉ streep deur ons verlede trek nie; ons sal - aan die hand van die verlede - eerlik, rustig, omsigtig ons weg in die nuwe tyd moet baan.

In ŉ tyd waarin hierdie taak op ons wag, het ons gemeenskappe soos Caledon nodig: ons het ware, gesonde nasieliefde nodig; ons het positiewe, hegte bouwerk nodig; ons het geestelike ewewig nodig; ons het bowealles gesonde mensemateriaal nodig. Dit is hierdie dinge wat vir ons die geestelike wapens gee om die uitdagings van die tyd te aanvaar; en dit is hierdie geestelike wapens wat dikwels soveel belangriker is as alle fisiese wapens waarmee ŉ stryd gevoer kan word.

Indien Caledon in die toekoms, net soos in die

verlede/.........

verlede, sy bydrae wil lewer, sal hy hom van die res van die land nie kan isoleer nie. Die mense van Caledon vier vandag fees in hulle Klein Vaderland, en hulle het met dankbaarheid hierdie tema geskryf in hulle fees-kenteken. Maar Klein Vaderland beteken nie - en kan nooit beteken - vaderland los van die Vaderland nie. Dit is lofwaardig dat ons gemeenskappe hulle lokale gedenkfeeste vier, maar as dit moet inhou dat hulle hulle op kleinburgerlike wyse terugtrek en saamtrek net in dié dinge wat plaaslik hulle eie is, behae te skep, dan sou dit meebring dat ons skone, groot oorheersende vaderlandsliefde verswak en versnipper word.

Ons is egter dankbaar om te weet dat hierdie gedagte nie hier in Caledon bestaan nie. Ons weet dat die mense juis feesvier omdat hulle besef dat hulle 'n integrerende deel van die land uitmaak, omdat hulle begryp dat hulle met die res van ons land één is en omdat hulle vuriglik begeer om vir die toekoms van die Republiek van Suid-Afrika hulle deel by te dra. Met 'n gemeenskap wat in ons kultuurgeskiedenis die plek van Caledon inneem, kan dit ook nie anders wees nie. Onder toestande van afsondering het hy geleidelik ontwikkel; by sy mense het hy groot liefde vir die grond aangekweek; en met verloop van tyd het hy op ruime wyse aan Suid-Afrika die kosbaarste bydrae gegee wat enige dorp of distrik kan gee, nl. mensemateriaal op wie daar vir die toekoms gereken en gebou kan word.

Met hierdie luisterryke feesviering het die mense van Caledon op vreugdevolle wyse die geskiedenis in herinnering geroep wat in 150 jaar hier gemaak is; en ons wat op besoek hierheen gekom het, doen van harte mee en deel in die vreugde. Mag ons egter almal onthou dat ons ook besig is om geskiedenis te maak, vandag, môre, oormôre, elke dag. Oor 50 jaar of 100 jaar of 150 jaar sal hier weer fees gevier word. Dan sal die nageslag oordeel oor die geskiedenis wat ons en ons opvolgers gemaak het, en dan sal hulle hulle ook

na die betekenis van ons werk afvra.

Mag die tradisie van die 150 jaar wat nou verby is, steeds voortgedra word, vér na vorentoe in die toekoms in. Mag dit vir almal wat volg, nog steeds 'n besielende, 'n verheffende erfenis wees en bly.